

# LEIERSKAPONTWIKKELING IN 'N VERPLEGINGSKOLLEGE

E HARMS en M MULLER

## ABSTRACT

*This study is conducted within the context of nursing colleges and focuses on the empowerment of educational staff in a nursing college to facilitate excellence in leadership practice. A qualitative exploratory and descriptive study was conducted in different phases: the views and expectations of educational staff as leaders, as well as the views and expectations of the fourth year students as followers and potential professional leaders were explored and described by means of focus group interviews. A provisional conceptual framework for leadership development in a nursing college was compiled, exposed to a literature control and a final conceptual framework was refined, together with guidelines for leadership development in a nursing college. This article focuses on the final conceptual framework as well as the programme for leadership development in a nursing college. It is recommended that this programme be implemented and exposed to purposeful evaluation.*

## OPSOMMING

*Hierdie studie is binne die konteks van 'n verplegingskollege uitgevoer en fokus op die bemagtiging van onderwyspersoneel in 'n verplegingskollege vir voortreflike leierskapsbeoefening. 'n Kwalitatiewe verkennende en beskrywende studie is in verskeie fases uitgevoer: die beskouinge en verwagtinge van onderwyspersoneel as leiers, asook die beskouing en verwagtinge van die vierdejaar-verpleegkundestudent as volgeling en patensieële professionele leiers, is deur middel van fokusgroeponderhoudervoering verken en beskryf. 'n Voorlopige konseptuele raamwerk vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegingskollege is opgestel, aan 'n literatuurkontrole onderwerp en laastens is die finale konseptuele raamwerk verfyn met riglyne vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegingskollege. Hierdie artikel fokus op die finale konseptuele raamwerk asook die program vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegingskollege. Daar word aanbeveel dat hierdie program geïmplementeer word en aan doelgerigte evaluering onderwerp word.*

## INLEIDING

Oproepe word herhaardelik gemaak vir voortreflike leierskapsbeoefening en vooraanstaande leiers, navorsers en politici spreek hulle hieroor uit. Die huidige tydvak, meer as ooit tevore vereis voortreflike leierskapsbeoefening op alle terreine van die gesondhedsdienste. Gesondhedsdienste staan voor die uitdaging om met steeds kwynende menslike en materiële hulpbronne diens van hoë gehalte te lewer. Verplegingskolleges in Suid-Afrika staan ook voor groot uitdagings met realiteite soos amalgamasie en rasionalisasie van die kolleges. Die doelstelling van meer koste-effektiewe, akademies-geloofwaardige instellings met groter outonomiteit wat op gelyke voet met ander na-sekondêre instellings kan meeding, word nagestreef (Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, 1992: 9).

Verplegingskolleges wat voorheen homogeen was ten opsigte van taal en rassegroepindeling, is besig om te integreer met kulturele vermenging en die uitdaging van transkulturele samewerking en aanvaarding. Al die aktiwiteite van 'n verplegingskollege is gemik op missiebereiking om verpleegkundiges te lewer wat aan die gesondheidsbehoeftes van die land en sy inwoners voldoen. Onderrig en bestuur van die kollege vorm die kernaktiwiteite om hierdie doelstellings te bereik. In die kollege vind die aktiwiteite plaas in formele en informele groepe en leierskap is op alle vlakke nodig.

Die verpleegonderwyspersoneel dien ook as rolmodelle vir verpleegstudente as toekomstige leiers deur die voorbeeld wat hul stel deur hulle eie leierskapsbeoefening. Die navorsing het die Verplegingsteorie vir Mensheelheid aanvaar as teoretiese raamwerk vir die studie met die onderliggende aanname dat die mens 'n geestelike wese is wat op geïntegreerde biopsigosoiale wyse in interaksie met die eksterne omgewing funksioneer ten einde sy streeue na voortreflike dienslewering en heelheid te verwesenlik. 'n Heelheidbenadering is gevvolg waar die mens se interne omgewing bestaande uit liggaam, psige, en gees op geïntegreerde wyse met die eksterne omgewing (fisiëel, sosiaal en geestelik) in interaksie verkeer in sy streeue na voortreflike dienslewering, toereikende leierskapsbeoefening en heelheid.

Leierskapsontwikkelingsprogramme kan voldoen aan die behoeftes van leierskapsbeoefening van verpleegonderwyspersoneel in

verplegingskolleges. Die konstruk leierskap, soos beskou deur verpleegonderwyspersoneel in Suid-Afrikaanse verplegingskolleges, is egter nog nooit ondersoek nie. Die verwagtinge van volgelingen omtrent leierskapsbeoefening binne die konteks van 'n verplegingskollege, is ook nog nie verken nie. Ten einde 'n konseptuele raamwerk vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegingskollege te beskryf, was die volgende vrae tersaaklik:

- \* Hoe beskou verpleegonderwyspersoneel verbonde aan drie verplegingskolleges in Gauteng provinsie (wat in 'n samewerkingsooreenkoms met een universiteit funksioneer) leierskapsbeoefening?
- \* Wat is die verpleegonderwyspersoneel se verwagtinge van leierskapsbeoefening in 'n verplegingskollege?
- \* Wat is die studente verbonde aan 'n verplegingskollege se verwagtinge van leierskapsbeoefening in 'n verplegingskollege?
- \* Waaruit behoort 'n leierskapsontwikkelingsprogram vir verpleegonderwyspersoneel te bestaan?

Die doelstelling met hierdie studie was om 'n konseptuele raamwerk vir leierskapsbeoefening in 'n verplegingskollege te verken en te beskryf. Hierdie doelstelling is verantwoord deur die bereiking van die volgende doelwitte, naamlik om:

- \* Die konstruk leierskapsbeoefening, soos beskou deur die verpleegonderwyspersoneel van drie verplegingskolleges in Gauteng wat verbind is aan 'n universiteit deur 'n samewerkingsooreenkoms, te verken en te beskryf;
- \* Die verwagtinge van die verpleegonderwysgemeenskap (verpleegonderwyspersoneel en studente) omtrent leierskapsbeoefening in 'n verplegingskollege te verken en te beskryf;
- \* Riglyne vir 'n leierskapsontwikkelingsprogram vir verpleegonderwyspersoneel in die drie verplegingskolleges, te beskryf.

Hierdie artikel fokus op die realisering van die laaste doelwit, naamlik om riglyne vir 'n leierskapsontwikkelingsprogram vir verpleegonderwyspersoneel in die drie verpleg-

kolleges te beskryf, gebaseer op die finale konseptuele raamwerk afgelui vanuit die eerste twee doelwitte se resultate.

## TERMINOLOGIE

### Verplegingskollege

'n Verplegmentskollege is 'n organisasie wat bestuur word om verpleegonderwys en opleiding te verskaf aan verpleegstudente om hulle in staat te stel om as onafhanklike professionele verpleegpraktisys te praktiseer op verskillende terreine van gesondheidsdienslewering.

### Leierskapsbeoefening

Leierskapsbeoefening is die wyse waarop die leier (verpleegonderwyspersoneel) in 'n verplegmentskollege doelwitbereiking van die organisasie en volgelinge faciliteer binne die konteks van verandering en transformasie.

### Leierskapsontwikkelingsprogram

'n Leierskapsontwikkelingsprogram verwys na 'n formeel-gestruktureerde onderrigprogram om onderwyspersoneel in 'n verplegmentskollege vir voortreflike leierskapsbeoefening te bemagtig.

## NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

'n Verkennende, beskrywende, kwalitatiewe navorsingontwerp binne kontekstuele verband is nagevolg. Die konteks was drie verplegmentskolleges in Gauteng wat deur 'n samewerkingsoordeelkoms geaffilieer is met 'n universiteit. Die data is ingesamel deur fokusgroeponderhoude. Die data is per oudioband opgeneem en verbatim getranskribeer. Kerlinger (1986:477-483) se metode van data-ontleding is gebruik. Kodering het plaasgevind met klassifikasie in temas en subtemas. 'n Medekodeerde is gebruik om 'n onafhanklike analise uit te voer om die betroubaarheid van die data-ontleding te verhoog.

Verpleegonderwyspersoneel en vierdejaarstudente van die drie verplegmentskolleges het die steekproef gevorm. Die steekproef is geneem uit die toeganklike populasie. Die beplanning om 'n ewekansige steekproef uit die toeganklike populasie te neem, het nie in alle gevalle gerealiseer nie. Ses onderhoude het plaasgevind met deelnemers waarvan die getalle tussen tien en twaalf gewissel het. Betroubaarheid-en geldigheidsmaatreëls vir kwalitatiewe navorsing is nagevolg. Tabel een gee 'n uiteensetting van die navorsingontwerp en -metode.

Betroubaarheidsmaatreëls volgens Woods en Catanzaro (1988: 136-137) is gevolg. Maatreëls is getref om die volgende bedreiginge te oorkom en betroubaarheid van die data te verhoog:

- \* Keuse van toeganklike steekproefpopulasie as deelnemers om ewekansigheid en vereenwoordigendheid te verseker;

- \* Keuse van deelnemers volgens vermoë om relevante data te verskaf;
- \* Sosiale omstandigheide van deelnemers om sydigheid uit te skakel;
- \* Metodes en prosedures van data-insameling om digtheid van beskrywings te verseker.

**Geldigheidsmaatreëls** is ingestel om bedreiginge vir geldigheid te verminder of oorkom ten opsigte van observeerdereffekte, verdraaiing van data as gevolg van seleksie en regressie van deelnemers, sydigheid van deelnemers as gevolg van fisiologiese behoeftes ten einde inferensiële geldigheid te verseker. Sien tabel een vir 'n skematiese voorstelling van die navorsingsmetodologie.

Die volgende etiese oorwegings is in ag geneem:

- \* Vrywillige deelname met ingelige toestemming deur die deelnemers;
- \* Toestemming van die owerhede;
- \* Vertroulikheid en anonimitet.

Nadat die fokusonderhoude ontleed is, is 'n voorlopige konseptuele raamwerk vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegmentskollege opgestel, aan 'n literatuurkontrole onderwerp en die finale konseptuele raamwerk is verfyn. Derhalwe word in die finale konseptuele raamwerk min bronverwysings in die teks weergegee.

### KONSEPTUELE RAAMWERK: Riglyne vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegmentskollege.

Tabel twee gee 'n skematiese voorstelling van die konseptuele raamwerk wat uit die data opgestel is en nadat 'n literatuurkontrole uitgevoer is. Leierskapsbeoefening in die verplegmentskollege word soos volg gedefinieer: *Die verpleegonderwysleier beoefen leierskap in 'n verplegmentskollege deur die demonstrering van persoonlike en beroepsvolwassenheid, die skep van 'n betekenisvolle organisasieklimaat vir volgelinge en die facilitering van organisasie-missiebereiking in 'n verplegmentskollege.*

Die doelstelling van die wetenskapsbeoefenaar is funksioneel met nuttigheid, bruikbaarheid en die verbetering van die praktyk as kriteria vir waarheid (Botes 1992:36). Die navorsing het 'n behoefte geïdentifiseer aan leierskapsontwikkeling in 'n verplegmentskollege, en bereik hierdie doelstelling deur riglyne vir 'n leierskapsontwikkelingsprogram, gebaseer op 'n konseptuele raamwerk vir leierskapsbeoefening te beskryf.

Omdat die studie gebaseer is op die Verplegingsteorie van Mensheelheid (ORU 1990: 136-142; RAU 1992: 1-7) as teoretiese raamwerk, en omdat die resultate van die onderhoude en literatuurkontrole versoenbaar is met die teorie, word die Verplegingsteorie van Mensheelheid as basis gebruik vir 'n leierskapsontwikkelingsprogram ten einde die leier se strewe na voortreflike dienslewering en leierskapsbeoefening in 'n verplegmentskollege te faciliteer.

Die leierskapsontwikkelingsprogram kan beskryf word rondom seleksie en keuring, die skep van 'n leerklimate in die verplegmentskollege bevorderlik vir leierskapsontwikkeling, die aanbied van 'n leierskapsontwikkelingsprogram vir verpleegonderwyspersoneel, evaluering van die resultate van die program asook riglyne vir 'n afrondingsprogram vir vierdejaarstudente. Die konseptuele raamwerk kan in al die gevalle as vertrekpunt dien. Die konseptuele raamwerk is verdeel in drie hoofkategorieë, naamlik persoonlike en beroepsvolwassenheid vir leierskapsbeoefening, die skep van 'n betekenisvolle organisasieklimaat deur die leier, en leiersfacilitering vir organisasie missiebereiking.

### Riglyne vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegmentskollege:

#### Seleksie en keuring

Seleksie en keuring is 'n noodsaaklike aktiwiteit in 'n leierskapsontwikkelingsprogram om mense te kies wat ideaal die huidige potensiaal tot leierskapsvaardigheid demonstreer (Charlton, 1992: 125-126). Omdat alle verpleegonderwyspersoneel uit die aard van hul beroepsbeoefening in interaksie tree met studente, informele werkgroeppe, komitees of selfs formele leierskapsposisies moet beklee in hul strewe na heelheid en dié van die volgelinge, is dit noodsaaklik dat kriteria vir seleksie en keuring ontwikkel word.

Die kriteria vir seleksie en keuring van nuwe toetreders tot die verpleegonderwysberoep kan vanuit die konseptuele raamwerk ontwikkel word. Dit kan byvoorbeeld insluit die vlak van persoonlike en beroepsvolwassenheid van die kandidaat, mensoriëntasie, rolmodel en veranderingsbuigsaamheid. By keuring van persone vir bevordering na formele leierskapsposisies soos dié van verpleegonderwysbestuurder, kan die vlak van leierskapsontwikkeling oor al die aspekte van die konseptuele raamwerk beoordeel word. Die raamwerk bied ook kriteria vir die keuse van leiers vir werkgroeppe byvoorbeeld kurrikulumontwikkeling, waar relevante kennis en vaardigheid 'n prominente rol speel. Die keuringskriteria vir leiers in die verplegmentskollege word derhalwe in die drie hooftemas van die konseptuele raamwerk, naamlik persoonlike en beroepsvolwassenheid, die skep van 'n betekenisvolle organisasieklimaat en leiersfacilitering vir organisasie-missiebereiking gebaseer.

#### Die skep van 'n leerklimate bevorderlik vir leierskapsontwikkeling

Verpleegonderwyspersoneel in bestuurs- en leierskapsposisies kan 'n leerklimate vir leierskapsontwikkeling faciliteer. Dit kan gedoen word deur voortreflike leierskapsbeoefening as doelstelling vir die verplegmentskollege te stel, deur hoe waarde te heg aan leierskapsontwikkeling en dit as kultuur in die verplegmentskollege te bevorder. Uit die konseptuele raamwerk kan riglyne beskryf word hiervoor. Individue kan byvoorbeeld aangemoedig word om hulle kennis en

Tabel 1: Skematische voorstelling van die navorsingsontwerp

DOELWIT	DATA-INSAMELING	DATA-ANALISE	BETROUABAARHEID-GELDIGHEID
Beskouing van leierskapsbeoefening: leier	Fokusgroeponderhoudvoering	Inhoudsonderleiding: Kerlinger	Status van navorser. Keuse van deelnemers. Sosiale omstandighede. Beskrywing: Metodes en procedures. Observeerde effekte. Seleksie/regressie van deelnemers. Beheer van fisiese omstandighede. Medekodeerde. Literatuurkontrole. Inferensiële geldigheid.
Verwagtinge omtrent leierskapsbeoefening: leier, volgeling.	Fokusgroeponderhoudvoering.	Inhoudsonderleiding: Kerlinger	Ditto
Riglyne	Inferensie van resultate	Inferensie	Literatuur/inferensie

vaardigheide te verbeter en geleenthede te kan geskep word vir informele en formele voortgesette onderwys wat leierskapsontwikkeling sal bevorder. 'n Beleid vir wye blootstelling aan alle fasete van kollegaaktiwiteite kan gestel word waarbinne onderwyspersoneel volgens keuse belangstelling en behoeftie kan ontwikkel. Die skep van 'n vertrouensklimaat in die organisasie wat dosente aanmoedig om terugvoer omtrent hul gedrag en werkverrigting te verwelkom, sal persoonlike en beroepsontwikkeling by die verpleegonderwyspersoneel bevorder. 'n Klimaat waar eksperimentering ondersteun word en verpleegstudente beleef dat foute 'n leerproses is, sal waagmoed en kreatiwiteit by die volgelinge bevorder. Versekering van hoe etiese standaarde, eerlikheid en integriteit sal 'n klimaat vir die ontwikkeling van gewenste waardestelsels by die volgelinge faciliteer. Die konseptuele raamwerk dien as basis vir die skep van 'n leerklimate bevorderlik vir leierskapsontwikkeling in 'n verpleegskollege.

#### Die leerprogram

'n Voorgestelde program vir leierskapsontwikkeling in 'n verpleegskollege word beskryf, met 'n uiteensetting van die leerinhoud in tabel drie.

#### a) Doelstelling

Die doelstelling van die leerprogram van 'n leierskapsontwikkelingsprogram as voorvereiste vir leierskapsbeoefening in 'n verpleegskollege, is om die internalisering van kennis, vaardigheide, waardes en houdings omtrent leierskapsbeoefening by verpleegonderwys te bevorder.

#### b) Beraming van leerbehoefte vir leierskapsontwikkeling

Weens die verskille in kennis van leierskapsbeoefening in die drie verpleegskolleges, soos gedemonstreer deur die resultate van die studie, is riglyne wat gestel is as basis gebruik om behoeftes in 'n spesifieke verpleegskollege te bepaal. Omdat die ervaring van leierskapsbeoefening asook persoonlike en beroepsvolwassenheid van verpleegonderwyspersoneel verskil van nuwe toetreders tot die verpleegonderwys, is individuele behoeftes beraam en is die program daarvolgens geïndividualiseer. Beraming is gebaseer op 'n heelheidsbenadering in liggaam, siel en gees.

#### c) Leergeleenthede

Kennis, vaardigheide, waardes en houdings vir leierskapsbeoefening kan vanuit die konseptuele raamwerk geïnfereer word. Die leergeleenthede is volgens die spesifieke leerbehoefte aangepas. Kennisinhoude kan byvoorbeeld aangebied word in die vorm van selfgerigte studiekatte. Vaardighede kan bemeester word deur byvoorbeeld visualisering, simulasié, spele, rolspel, praktykinoefening deur voorsiening van uitdagende geleenthede en outonomie om leerdoelstellings te bereik. Die gewenste houdings en waardes omtrent leierskapsbeoefening kan bevorder word deur groepsbespreking, debattering en waardeuitklaaring.

#### d) Programschedulering

Die leierskapsontwikkelingsprogram kan deel vorm van die personeelontwikkelingsprogramme van die kollege, met die verskil dat dit 'n deurlopende program sal wees. Programschedulering is gebaseer op tyd vir

groepsaktiwiteite, tyd vir individue om selfgerigte pakkette in te studeer en tyd vir groepvaardigheisinoefning. Dit moet koördineer met beplande leierskapsontwikkeling van individue.

#### e) Leerinhoud van die program

Die geïdentifiseerde dimensies vir 'n leierskapsontwikkelingsprogram in 'n verpleegskollege is: persoonlike en beroepsvolwassenheid, die skep van 'n betekenisvolle organisasieklimaat en leierfasilitering vir organisasie-missiebereiking. Die modules en leereenhede word in tabel drie uiteengesit.

#### \* Teoretiese raamwerk vir leierskapsontwikkeling

Verplegingsteorie vir Mensheelheid dien as teoretiese raamwerk vir die studie en is daarom as grondslag vir die leierskapsontwikkelingsprogram in module een aangebied word.

#### \* Persoonlike en beroepsvolwassenheid vir leierskapsbeoefening

Die tweede module sal gevorm word uit die eenhede morele leierskap, persoonlike leierskap, beroepskundigheid en denkvaardigheide. In die leereenhed oor morele leierskap sal morele aspekte soos gereflekteer deur die leier in interaksie met die volgelinge, aangebied word. Geestelike heelheid vorm die basis vir die persoonlike waardestelsel van die leiers. Hulle beïnvloed organisatoriese waardes om kongruensie tussen persoonlike waardes en waardes van volgelinge te bevorder. Hulle morele gedrag teenoor volgelinge spreek van integriteit, regverdigheid en mensagtig.

**Tabel 2 Konseptuele raamwerk vir leierskapsbeoefening in 'n verplegingskollege**

<b>LEIERSKAPSBEOEFENING IN 'N VERPLEGINGSKOLEGE</b>	
<b>Persoonlike en beroepsvofwassenheid vir leierskapsbeoefening</b>	
*	<b>Morele leierskap</b> Geestelike heelheid, waardestelsel, persoonlik en organisatories, integriteit, regverdigheid, mensagting.
*	<b>Persoonlike leierskap</b> Selfinsig, positiewe selfagting, kognitiewe gehardheid, emosionele beheersing, selfaktivering, gesondheidsinstandhouding, tydsbestuur, uiterlike voorkoms, selfontwikkeling.
*	<b>Beroepskundigheid</b> Onderwyspeil, beplande leierskaps- en werkservaring, relevante vak- en leierskapskennis en vaardigheid, situasiekennis.
*	<b>Denkvaardighede</b> Probleemoplossingsvaardighede, besluitneming, analitiese/kritiese denke, intuisie
<b>Die skep van 'n betekenisvolle organisasieklimaat deur die leier</b>	
*	<b>Mensoriëntasie</b> Interpersoonlike vaardigheid, empatie/sensitiwiteit, kommunikasie vaardigheid, nie-verbale kommunikasie, luistervaardigheid, konflikhantering, egtheid, sosiale aanpasbaarheid, transaksionele/transformasionele leierskap, skep van nuwe werkplekkulture.
*	<b>Leier-volgeling-betrokkenheid</b> Deelnemende demokratiese benadering, buigsame leierskapsbenadering
-	<b>Motivering</b> Visiestelling vir betekenisgewing aan volgelinge, inspirerende kommunikasie, behoeftebevrededing, erkenning, ondersteuning en aanmoediging, geborgenheid, belangstelling en aandag, volwassenheid/autonomie, verrassingselement/pret/humor, tevredenheid, spanbou.
-	<b>Menskragfasilitering</b> Ontwikkeling van volgelinge, intellektuele stimulering, gelyke geleenthede/verskil in prestasie, rolmodelskap, mentorskap, beramingsvaardigheid, volgelingvermoëns, benutting van volgelinge, delegasie, seleksie en keuring.
<b>Leierfasilitering vir organisasie missiebereiking</b>	
<b>VISIE</b>	
*	<b>Easilitering van interaksie</b> Toeganklikheid en beskikbaarheid, leier-volgeling-afstand, netwerke
*	<b>Beïnvloeding deur leierskapsbeoefening</b> Organisasiebeïnvloeding, geldende gedrag, beïnvloeding deur volgelinge
*	<b>Veranderingsbestuur</b> Veranderingsbuigsaamheid, antisipasie van eksterne omgewingsveranderlikes, beheer van onsekerheid, innovasie/kreatiwiteit, waagmoed, kommunikasie, onderhandelingsvaardigheid
*	<b>Leierbesnuursaktiwiteit</b> Leier as bestuurder, beheer, stel van standarde, doelwitgerigheid en rigtinggewendheid, beplanning, organisasievermoë

In die leereenheid oor persoonlike leierskap word gefokus op kenmerkende wyses van interaksie wat die leier in staat stel om self leierskap te bevorder in hulle strewe na heelheid. Selfinsig, positiewe selfagting, kognitiewe gehardheid, emosionele beheersing, selfaktivering, tydsbestuur en haar uiterlike voorkoms stel haar hier toe in staat.

Beroepskundigheid van die leier vorm die volgende leereenheid. Haar onderwyspeil en beplande leierskaps- en werkservaring dien as grondslag vir elevate vak- en leierskapskennis, asook vaardigheid en situasiekennis. Die vierde leereenheid, naamlik denkvaardighede, verwys na probleemplossingsvaardighede, besluitnemeng, analitiese/kritiese denke ne die geestelike dimensie van intuisie.

\* *Die skep van 'n betekenisvolle organisasieklimaat deur die leier vorm die tema vir module drie*

Die eerste leereenheid word gewy aan die mensorientasie van die leier. Haar interpersoonlike vaardigheid word gereflekteer in 'n empatiese, sensitiewe benadering tot die volgelinge. Kommunikasievaardigheid en konflikhantering, is deel van interpersoonlike vaardigheid. Die leier beskik oor mensekennis, is eg in hulle interaksie en is sosiaal aanpasbaar. Hulle skep ook nuwe werkplekkulture. Die verhouding van die leier teenoor die volgelinge in terme van transaksionele teenoor transformasionele leierskap, vorm 'n nuwe dimensie wat spesiale aandag verdien. In die tweede leereenheid van die module word die leier-volgeling-betrokkenheid hanteer in terme van 'n deelnemende demokratiese benadering en 'n buigsame leierskapsbenadering deur die leier.

In die volgende leereenheid word kenmerkende wyses van interaksie van die leier teenoor volgelinge hanteer wat motiverend is vir volgelinge. Visiesetting en inspirerende kommunikasie verdien spesiale aandag, aangesien dit glad nie in die fokusgroeponderhoude na vore gekom het nie. Die leier bevredig die behoefte van volgelinge deur erkenning, ondersteuning, aanmoediging, belangstelling, deur geborgendheid te skep, volgelinge as volwassenes te behandel en outonomie te bevorder, tevredenheid te skep en spanbou.

In die leereenheid oor menskragfasilitering word die rol van die leiers in die ontwikkeling van volgelinge, hul intellektuele stimulering en die aspek van gelyke geleenthede versus verskil in prestasie hanteer. Die rolmodelskap en mentorskap sal ook behandel word. Die leier beraam volgelingvaardigheid, benut hul vaardighede en gebruik delegasie as 'n leierskapsinstrument. Die plek van seleksie en keuring as voorvereiste vir voortreflike leierskapsbeoefening word ook ingesluit.

\**Die laaste module word gevorm deur leierfasilitering vir organisasiemissiebereiking 'n Visie van die leier vir missiebereiking word as eerste eereenheid gestel. Die aspek verdien spesiale aandag aangesien dit 'n konsep is wat*

nie deur die fokusgroeponderhoude aangeraak is nie. Die leereenheidfasilitering van interaksie sal toeganklikheid en beskikbaarheid van die leier, leier-volgeling-afstand en die funksie van netwerke insluit.

Die volgende leereenheid is beïnvloeding deur leierskapsbeoefening. Dit sluit in organisasiebeïnvloeding deur die leier, geldende gedrag en beïnvloeding deur volgelinge. Die leereenheid oor veranderingsbestuur behels die veranderingsbuigsaamheid van die leiers, antisipasie van eksterne omgewingsveranderlikes, die beheer van onsekerheid, innovasie en kreatiwiteit, kommunikasie en onderhandelingsvaardigheid.

In die laaste leereenheid word bestuursaktiwiteit van die leiers onder die loep geneem. Die leier as bestuurder en bestuurshandelinge word hanteer, naamlik beheer en die stel van standarde as afdeling van beheer, doelwitgerigheid en rigtinggewendheid, beplanning en organisasievermoë.

f) **Evaluering van leerwins van die leierskapsontwikkelingsprogram**

Leierskapsinstrumente kan vanuit die konseptuele raamwerk ontwikkel word om te bepaal in watter mate leer plaasgevind het by verpleegonderwyspersoneel wat die program deurloop het. Die instrumente kan byvoorbeeld gebruik word deur volgelinge en leiers om te bepaal in welke mate die betrokke personeel byvoorbeeld in staat is om 'n betekenisvolle organisasieklimaat vir volgelinge te skep, hoe die etiese waardes van die persoon beleef word en die effektiwiteit van interaksies om organisasie doelstellings.

g) **Riglyne vir 'n afrondingsprogram vir vierdejaarstudent**

Die konseptuele raamwerk kan ook gebruik word vir kurrikulering van 'n afrondingsprogram vir vierdejaarstudente om persoonlike en professionele programdoelstellings van die formele vierjaaronderrigprogram te vestig. Die afdeling persoonlike en beroepsvolwassenheid van die konseptuele raamwerk, dus module twee, kan as riglyn hiervoor dien.

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die doelstellings van die studie is bereik deur die beskrywing van 'n konseptuele raamwerk vir leierskapsbeoefening in 'n verpleegskollege vanuit die resultate van die fokusgroeponderhoude en die literatuurkontrole met die volgende hooftemas:

- \* Persoonlike en beroepsvolwassenheid vir leierskapsbeoefening;
- \* Die skep van 'n betekenisvolle organisasieklimaat deur die leier;
- \* Leierfasilitering vir organisasiemissiebereiking.

Riglyne vir leierskapsontwikkeling in 'n verpleegskollege, gebaseer op die konseptuele raamwerk, is beskryf. Dit sluit in seleksie en keuring, skepping van 'n leerklimaat

bevorderlik vir leierskapsontwikkeling, 'n leerprogram vir leierskapsontwikkeling van verpleegonderwyspersoneel, evaluering van leerwins van 'n leierskapsontwikkelingsprogram en 'n module vir leierskapsontwikkeling vir persoonlike en professionele afronding van vierdejaarstudente in 'n verpleegskollege.

Aanbevelings word vir navorsing, onderwys en praktyk gemaak.

a) **Navorsing**

Onderstaande aanbevelings word gemaak betreffende verdere navorsing:

- \* Die ontwikkeling en toetsing van keuringsinstrumente gegronde op die konseptuele raamwerk vir leierskapsontwikkeling in 'n verpleegskollege.
- \* Soortgelyke navorsingstudies in ander verpleegskolleges om wyer oordragbaarheid vas te stel.
- \* Die evaluering van 'n leierskapsontwikkelingsprogram deur 'n voor- en na-toets om leerwins te bepaal.
- \* Die ontwikkeling van leierskapsmeetinstrumente vir gebruik deur volgelinge, leiers en selfevaluering.
- \* 'n Vergelykende studie omtrent die verwagtinge en beskouing van kollegehoofde om die geldigheid van die resultate van die studie te verhoog.
- \* Navorsing rondom die invloed van 'n verhoudingsoriëntasie teenoor 'n oriëntasie gebalanseer met taakoriëntasie ter missiebereiking in 'n verpleegskollege.
- \* Die ontwerp van 'n model vir leierskapsontwikkeling in 'n verpleegskollege.
- \* Hipotese-toetsing: bemagtiging van onderwyspersoneel in 'n verpleegskollege in leierskapsbeoefening verhoog die gehalte van leierskapsbeoefening in 'n verpleegskollege.

b) **Onderwys**

Daar word aanbeveel dat 'n leerprogram vir leierskapsontwikkeling as kernmodule in alle basiese professionele onderrigprogram ingebou word. Die riglyne kan as basis dien van 'n kurrikulum in formele diploma- of graadkursusse ter bereiking van 'n na-registrasie verpleegskollege.

In die lig van die geldigheid van die konseptuele raamwerk soos getoets teen verpleegkundige en algemene leierskapsliteratuur, behoort die riglyne ook te dien as 'n module van Verpleegsdinamika vir enige kursus ter bereiking van 'n na-registrasie verpleegdiploma.

c) **Praktyk**

Onderstaande aanbevelings word gedoen rakende die implementering van hierdie navorsing in die verpleegpraktyk:

- \* Die implementering van kriteria vanuit die konseptuele raamwerk vir seleksie en keuring van nuwe toetreders tot die verpleegonderwysberoep.

**Tabel 3 Leerinhoud vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegingskollege**

<b>MODULE 1:</b>	<b>Teoretiese raamwerk vir leierskapsbeoefening Verplegingsteorie vir MensHEELheid</b>
<b>MODULE 2:</b>	<b>Persoonlike en beroepsvolwassenheid vir leierskapsbeoefening</b>
<b>Morele leierskap</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>* Geestelike heelheid</li> <li>* Waardestelsel: Persoonlik en organisatories</li> <li>* Regverdigheid, integriteit, mensagting</li> </ul>
<b>Persoonlike leierskap</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>* Selfinsig, positiewe selfagting, kognitiewe gehardheid, emosionele beheersing</li> <li>* Selfaktivering</li> <li>* Tydsbestuur</li> <li>* Uiterlike voorkoms</li> <li>* Selfontwikkeling</li> </ul>
<b>Beroepskundigheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>* Onderwyspeil</li> <li>* Beplande leierskaps- en werkservaring</li> <li>* Relevante vak- en leierskapskennis en vaardigheid</li> <li>* Situasie kennis</li> </ul>
<b>Denkvaardighede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>* Probleemoplossingsvaardighede</li> <li>* Besluitneming</li> <li>* Analitiese/kritiese denke</li> <li>* Intuisie</li> </ul>
<b>MODULE 3:</b>	<b>Die skep van 'n betekisvole organisasieklimaat deur die leier</b>
<b>Mensoriëntasie</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>* Interpersoonlike vaardigheid <ul style="list-style-type: none"> <li>- Empatie/sensitiwiteit</li> <li>- Kommunikasievaardigheid</li> <li>- Nie-verbale kommunikasie</li> <li>- Luistervaardigheid</li> <li>- Konflikhantering</li> </ul> </li> <li>* Mensekennis</li> <li>* Egtheid</li> <li>* Sosiale aanpasbaarheid</li> <li>* Die skep van nuwe werkplekkulture</li> <li>* Transaksionele/transformasionele leierskap</li> </ul>
<b>Leier-volgeling-betrokkenheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>* Deelnemende demokratiese benadering</li> <li>* Buigsame leierskapsbenadering</li> </ul>
<b>Motivering</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>* Visiestelling</li> <li>* Inspirerende kommunikasie</li> <li>* Behoeftbevrediging <ul style="list-style-type: none"> <li>- Erkenning, ondersteuning en aanmoediging, belangstelling en aandag, geborgenheid, verrassingselement/pret/humor, tevredenheid</li> <li>- Spanbou</li> </ul> </li> </ul>

## Menskragfasilitering

- \*      Ontwikkeling van volgelinge
  - Intellektuele stimulering
  - Gelyke geleenthede versus verskil in prestasie
- \*      Rolmodelskap
- \*      Mentorskap
- \*      Beramingsvaardigheid: volgelingvermoëns
- \*      Benutting van volgelinge
- \*      Delegasie
- \*      Seleksie en keuring

## **MODULE 4:                  Leierfasilitering vir organisasie-missiebereiking**

### **VISIE**

#### Easilitering van interaksie

- \*      Toeganklikheid en beskikbaarheid
- \*      Leier-volgeling-afstand
- \*      Netwerke

#### Beïnvloeding deur leierskapsbeoefening

- \*      Organisasiebeïnvloeding
- \*      Geldende gedrag
- \*      Beïnvloeding deur volgelinge

#### Veranderingsbestuur

- \*      Veranderingsbuigsaamheid
- \*      Antisipasie van eksterne omgewingsveranderlikes
- \*      Beheer van onsekerheid
- \*      Innovasie/kreatiwiteit
- \*      Waagmoed
- \*      Kommunikasie
- \*      Onderhandelingsvaardigheid

#### Leiersbeshuursaktiwiteite

- \*      Die leier as bestuurder
- \*      Beheer
  - Stel van standarde
  - Doelwitgerigtheid en rigtinggewendheid
  - Beplanning
  - Organisasievermoë

### **VERWYSINGS**

**Banner, K.K. & Blasingair, J.J. (1988):** Towards a developmental paradigm of leadership. School of Business and Public Administration, University of the Pacific, California

**Bass, B.M. (1990):** From transactional to transformational leadership: learning to share the vision. *Organizational dynamics*, Winter 19-31

**Bennis, W (Ed) (1992):** Leaders on leadership. United States: Harvard Business Review. Noel Tidy & Ram Charan. An interview with Jack Welch.

**Bornman, J. (1988):** Bestuursvernuwing in 'n verplegingskollege. Potchefstroom: PU vir CHO (Doktorale proefskef)

**Celliers, A.S. (1988):** 'n Deelnemende bestuursbenadering aan 'n onderwyskollege. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (M.ED skripsi)

- \* Dieselfde geld vir die kies van leiers vir werkgroepes, komitees en formele leierskapsposisies waar bevordering tersprake is.
- \* Die benutting van die konseptuele raamwerk as riglyn vir die opstel van geldige evalueringsinstrumente om die prestasie-aspek van leierskapsbeoefening van die verpleegonderwyspersoneel te evaluateer.
- \* Die riglyne kan as basis dien vir 'n deurlopende leierskapsontwikkelingsprogram in 'n verplegingskollege as deel van personeelontwikkeling.

drie verplegingskolleges, asook die vierdejaarstudent as volgeling, verkry is. Hierdie resultate is deur 'n literatuurkontrole verfyn en 'n finale konseptuele raamwerk vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegmentskollege is beskryf, soos uiteengesit in tabel twee. Vervolgens is 'n leierskapsontwikkelingsprogram opgestel. Daar word aanbeveel dat hierdie program geïmplementeer word en aan evaluering onderwerp word. Bemagtiging in leierskapsbeoefening dien dus as riglyn vir voortreflike leierskapsbeoefening in 'n verplegmentskollege in belang van gehalte-dienslewering.

### **SLOTOPMERKINGS**

Die leier is rigtinggewend in 'n verplegmentskollege en benodig sekere bernagtiging ten einde voortreflike dienslewering te fasiliteer. 'n Program vir leierskapsontwikkeling in 'n verplegmentskollege is opgestel, gebaseer op resultate wat vanuit fokusgroeponderhoudvoering met die onderwyspersoneel van

#### **Erkenning**

Hiermee word al die onderwyspersoneel en vierdejaar-diplomastudente aan die drie kolleges wat aan hierdie navorsing deelgeneem het vir al hul insette bedank. Hierdie artikel is gebaseer op 'n magisterstudie.

- Charlton, G.D. (1992): Leadership. The human race. A guide to developing leadership potential in Southern Africa.** Cape: Juta & Co. Ltd.
- Covey, J.A. (1989a): Principle centred leadership.** London: Simon & Schuster Ltd.
- Jacobs, B.M. (1984): Verpleegleierskap. 'n Teoretiese perspektief.** Curationis, 7(2): 34-35 en 56
- Kerlinger, F.N. (1986): Foundations of behavioural research; third edition.** New York: Holt, Rinehart & Winston.
- KotzÉ, W.J. (1974): Verantwoordbare leierskap in die verpleegadministrasie.** Pretoria: Universiteit van Pretoria (M.Cur-skripsi)
- KotzÉ, W.J. (1984): Professionele vorming van die studentverpleegkundige.** Curationis, 7(1): 17-22
- Marriner-Tomey, A. (1993): Transformational leadership.** St. Louis: CV Mosby.
- ORAL ROBERTS UNIVERSITY, ANNA VAUGHN SCHOOL OF NURSING, (1990): Self study report submitted to the Council of Baccalaureate and higher Degree Programs, National League for Nursing, August 1990. Vol. 1 - Narrative by Criteriaa.** Tulsa, Oklahoma: Oral Roberts University Anna Vaugh School of Nursing.
- RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT, DEPARTEMENT VERPLEEGKUNDE. (1992): Verplegingsteorie vir mensheelheid.** Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. 1-10
- Suid Afrikaanse Raad op Verpleging, (1992): Standpunt van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging in sake beleidbepaling en finansiering vir verpleegleiding.** Verpleegnuus, 16(11):9

**Woods, N.F. & Catanzaro, M. (1988): Nursing research. Theory and practice.** St. Louis: Mosby.

**Ellen Harms.**  
**Magisterstudent RAU Verpleegkunde. (M.Cur. RAU).**

**Marie Muller.**  
**Professor Departement Verpleegkunde (D.Cur. RAU)**